

**Saterdag 21 Mei**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:6-12**

**Daarom moet ons God prys!**

'n Lied! 'n Jubelliед! 'n Verwonderingslied! "Die Here het waarlik opgestaan ..." (Luk. 24:34). Die Here Jesus Christus se opstanding bring die onmeetlike grootheid van God se uitverkiesende liefde presies in fokus. Jesus se bloed het nie vergeefs gevloei nie, maar vir ons die salige opstanding en die ewige lewe gebring. "Wie sou die Heer nie prys nie ..." (Ps. 92:1, berymd).

Die opstanding bevestig: Ons oortredinge is vergewe! Al die seëninge in die hemel gaan op die regte tyd ook vir ons in vervulling. Ja, ons is ook deel van God se volk, wat Hy in Christus uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld – één met al die gelowiges uit elke volk en stam en taal en nasie, één met al die gelowiges oor alle tye en plekke heen. Één met Christus! Daarom moet ons God prys! Lofprysing moet deel wees van ons daaglikse vreugde in die Here. Lofprysing is deel van dit wat die Heilige Gees in ons laat opvlam elke dag. Dit is 'n vreugde, 'n geloofsvreugde, wat dalk tydelik in die grootste beproeing en aanvegting gedemp word, maar nooit uitgeblus sal word nie. Dit is 'n vreugde wat nie binne-in ons vasgekeer kan word nie. Dit is soos strome lewende water wat uit ons vloei en sigbaar is vir almal rondom ons.

Om God te prys, is werk, aksie, roepingsvervulling, evangelisering! Om Hom te prys, is waartoe ons uitverkies is. Dit moet die hoogste prioriteit in ons lewe wees. Wie slegs ingestel is om sy/haar eie lewe, bekommernisse, beperkinge of selfs sonde, kom nooit by lof en prys uit nie, maar wie hom uit dankbaarheid op die Here se genadegawes toespits, hou nooit op om die Here te prys nie!

*Sing: Psalm 113:1*

*Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)*